Laerskool Baillie Park
POSBUS 19197 NOORDBRUG 2522 | 018 290 5377/8 | ADMIN@BAILLIEPARK.CO.ZA

2023

Geagte Ouers en Voogde

AANSOEK VIR VRYSTELLING / GEDEELTELIKE VRYSTELLING VAN ONDERRIGGELD 2023

U kan aansoek vir bogenoemde doen indien die volgende van toepassing is:

Gesamentlike bruto inkomste* van BEIDE ouers/voogde per jaar:

**Bruto inkomste is inkomste ontvang voor enige aftrekkings gemaak is bv. UIF, PAYE, medies ens.*

- minder as R126 500.00 betaal geen onderriggelde;
- minder as R389 230.00 maar meer as R126 500.00 betaal gedeeltelik wat volgens 'n glyskaal uitgewerk word;
- meer as R389 230.00 kwalifiseer **nie** vir vrystelling **nie**;
- indien daar buitengewone omstandighede is waar die aansoeker inligting kan verstrek om te toon dat hy/sy weens persoonlike omstandighede nie skoolgeld kan betaal nie, kan u aansoek doen om voorwaardelike vrystelling te kan bekom.

Aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar reeds indien u nie self kan druk nie. **Aansoekvorms wat onvolledig is, sal nie in aanmerking kom vir vrystelling nie.**

Alle aansoeke word STRENG VERTROULIK hanteer.

U word daarop gewys , hoewel die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 vir vrystelling voorsiening maak, dit nie die regering of die Onderwysdepartement is wat die las van die kwytskelding dra nie, maar die skool.

Aansoeke **MOET ASB SPOEDIG MOONTLIK TERUGGESTUUR WORD. Vrystelling word slegs bereken vanaf die datum wanneer die vorm ontvang is en alles volledig ingevul en aangeheg is by die vorm.**

INDIEN U NIE AANSOEK DOEN VIR SUBSIDIE NIE, SAL U VIR DIE VOLLE BEDRAG SKOOLFONDS AANSPREEKLIK GEHOU WORD.

Mnr. P.A. Müller

HOOF

PROSEDURE VIR DIE AANSOEK OM VERMINDERING/VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE

NEEM KENNIS:

1. Albei ouers is aanspreeklik vir die betaling van skoolgelde ingevolge Artikel 39 van die Skolewet, tensy en tot die mate waartoe hy/sy van betaling vrygestel is kragtens die Skolewet.
2. Wanneer ouers aansoek doen vir vrystelling en nie kwalifiseer / nie saamstem met die beslissing soos deurgegee deur die Beheerliggaam nie, kan die ouer by die Departementshoof appelleer teen die beslissing.
3. Die vrystelling van die betaling van verpligte skoolgelde word bereken in ooreenstemming met die regulasies in Artikel 39(4), soos uitgevaardig deur die Minister.

PROSEDURE:

1. Neem kennis van die afskrifte van die regulasies betreffende die aansoek om vrystelling van skoolgelde welke ter insae lê by die finansiële beampte van die skool. Ons versoek dat die ouers die regulasies nagaan en hulself vergewis van die inhoud daarvan.
2. Die aansoekvorm vir vrystelling/vermindering van skoolgelde is beskikbaar by die kantoor en moet deur beide ouers voltooi en onderteken word, ongeag van hulle huwelikstatus.
3. Indien die ouers enige probleme ondervind met die behoorlike voltooiing van die aansoekvorm, sal die skool die ouer behulpsaam wees waar nodig. Die ouers moet alle inligting en bewyse, soos versoek, deurgee en moet die inligting waar en korrek wees. Die aansoekvorm meld duidelik welke inligting en bewyse benodig word.
4. Die volledig voltooide aansoekvorm en alle dokumente soos versoek, moet direk by die finansiële beampte ingedien word.
5. Aansoek om vrystelling/vermindering van skoolgelde word slegs bereken vanaf dit ontvang is. Dus so spoedig moontlik vir ons gestuur word asb.
6. Die finansiële komitee van die Beheerliggaam sal die aansoek verwerk en evalueer volgens die glyskaal soos vervat in die Regulasies.
7. Die ouers word per brief in kennis gestel van die uitslag van die aansoek.
8. Soos reeds gemeld, kan die ouer appèl aanteken teen die uitslag van die Beheerliggaam.
9. Aansoek om vrystelling/vermindering van skoolgelde vind jaarliks plaas.
10. Die ouers word versoek om enige onduidelikhede rakende die aansoek om vrystelling/vermindering van die skoolgelde te rig aan die finansiële beampte van die skool.
11. **Daar is nie ‘n sluitingsdatum van vrystelling van skoolfonds nie, maar om vir die VOLLE JAAR vrystelling te ontvang moet die kantoor voor/op 31 Januarie 2023 die vorm ontvang.**

Die uwe

MNR. P.A. MÜLLER

HOOF

Laerskool Baillie Park
POSBUS 19197 NOORDBRUG 2522 | 018 290 5377/8 | ADMIN@BAILLIEPARK.CO.ZA

AANHANGSEL A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, WET 84 VAN 1996

REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN SKOOLGELD VIR OUERS

Voltooi asseblief die volgende volledig en merk die toepaslike blokke met 'n X

(Alle ouers/voogde moet hierdie vorm voltooi ongeag of u wil aansoek doen of nie en terugstuur kantoor toe)

LEERDER NAAM EN VAN: _____ **FAMILIEKODE:** _____

1.	Het die skoolhoof/skool u ingelig aangaande die bedrag wat jaarliks betaalbaar is vir skoolfonds?	JA	NEE
2.	Het die skoolhoof/skool u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolfonds tensy daar volle vrystelling aan u verleen is?	JA	NEE
3.	Het die skoolhoof/skool u ingelig dat u geregtig is om aansoek te doen vir vrystelling of vermindering van skoolfonds?	JA	NEE
4.	**Wil u aansoek doen vir vrystelling of vermindering van skoolfonds?**	JA	NEE
5.	Het u hulp nodig om aansoek te doen vir vrystelling?	JA	NEE
6.	Het die skoolhoof/skool u voorsien van 'n aansoekvorm?	JA	NEE

Die onus berus op die ouer om die aansoekvorm vir vrystelling by die finansieskantoor van die skool te kom afhaal of 'n versoek te rig aan die finansieskantoor om die vorm aan u te e-pos. Die aansoekvorm vir vrystelling is ook beskikbaar op ons webtuiste.

_____ _____

Vader/Voog (naam en van) Moeder/Voog (naam en van)

_____ _____

Handtekening Handtekening

_____ _____

Datum Datum

AANHANGSEL B

AANSOEK VIR VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE VIR 2023

FAMILIEKODE: _____

Leerder: _____ Graad in 2023 _____

Leerder: _____ Graad in 2023 _____

Leerder: _____ Graad in 2023 _____

Leerder: _____ Graad in 2023 _____

1. U aansoek word onderwerp aan reëls en regulasies van die Suid-Afrikaanse Skolewet 86 van 1996 en in terme van die Norme en Standaarde van Finansies.

2. Die aansoeker moet die volgende as ouer in gedagte hou:

- **Getroud** Een aansoekvorm maar dokumentasie vir beide die ouers/voogde word benodig. Die aansoeker is dus albei die ouers/voogde. Verskaf inligting as Vader/Voog 1 en Moeder/Voog 2.
- **Geskei** Besonderhede van beide ouers. Ouer moet afsonderlike aansoeke invul en die nodige dokumente van elke aansoeker moet aangeheg word.
- **Wewenaar/Weduwee** Een aansoekvorm met stawende dokumente.
- **Ongetroud** Afsonderlike aansoekvorms moet deur elke ouer voltooi word en die nodige dokumente van elke aansoeker moet aangeheg word.

• Indien u beweer dat u geen kontak meer het met die biologiese vader/moeder van die leerder/s en dat u ons ook geen kontakbesonderhede kan verskaf nie, word ‘n beëdigde verklaring verlang wat u bewering staaf. (‘n Beëdigde verklaring van die Onderhoudshof word verlang asook die leerder ter sprake se Onverkorte Geboortesertifikaat. Indien u nie laasgenoemde dokumente kan verskaf nie moet u asseblief redes aanvoer.)

Die volgende leerders word ook kwytgeskeld van skoolfonds indien die regte dokumentasie aangeheg is:

- Wat 'n weeskind in 'n weeshuis is;
- Wat deur 'n pleegouer versorg word en wettige hofdokumentasie daarvoor het;
- Wat in 'n jeugsorgsentrum of 'n veiligheidsoord geplaas is;
- Wat in 'n familielid se sorg geplaas is en wettige hofdokumentasie daarvoor het.

Aansoeke om vrystelling kan slegs gedoen word tov skoolgeld vir ‘n basiese kurrikulum en aktiwiteite wat ingesluit is in die skoolprogram. Leerareas waar fooie gehef word, koshuisakkommodasie, handboeke, skooluniform en busvervoerfooie en ander aktiwiteite wat nie deel uitmaak van die skoolprogram nie word uitgesluit.

3. In terme van bogenoemde wet word die volgende dokumente vereis by die aansoekvorm:

	STAWENDE DOKUMENTE:	✓
A.	ID-dokumente van **beide** ouers/voogde.	
B.	Afskrif van huweliksertifikaat.	
C.	Geskei, nooit getroud of vervreemde ouers Vir geskeide ouers vereis ons gesertifiseerde afskrifte van die egskeidingsooreenkoms en NUUTSTE onderhoudsooreenkoms. Indien u beweer dat u geen kontak meer het met die biologiese vader/moeder van die leerder/s en dat u ons ook geen kontakbesonderhede kan verskaf nie, word ‘n Beëdigde Verklaring van die Onderhoudshof verlang wat u bewering staaf EN ‘n gesertifiseerde afskrif/te van die leerder ter sprake se Onverkorte Geboortesertifkaat/e (“unabridged birth certificate”). Indien u nie hierdie dokumentasie kan voorlê nie, moet u redes daarvoor aanvoer.	
D.	Afskrif van al die leerders se ID-dokumente/Geboortesertifikate wat genoem word in aansoek in enige staatskool. (Hoërskool en Laerskool)	
E.	3 maande se bankstate (nie ouer as 3 maande nie) met bankstempel van **ALLE** bankrekeninge, insluitend kredietkaart(e) en beleggingstate.	
	Die vorige jaar se belastingsertifikaat (IRP5) en belastingaanslag (ITA34) van SARS.	
F.	Werkgewer se salarisstrokies van BEIDE ouers of voog vir die drie maande voor aansoekdatum.	

G.	Indien u 'n eie onderneming bedryf, word gesertifiseerde, geouditeerde finansiële state vir die vorige jaar vereis, tesame met 'n afskrif van die onderneming/u mees onlangse IRP5, asook bankstate vir die drie maande voor aansoekdatum en van beide ouers se persoonlike bankrekeninge. Indien vereiste finansiële state nie voorsien kan word nie, moet gesertifiseerde state van die bank- en kredietkaartrekeninge in die name van beide aansoekers, hul kinders en die onderneming vir die afgelope 12 maande ingedien word.	
H.	Indien u werkloos is, moet u asseblief AANHANGSEL ?? ook volledig voltooi.	
	Alle huurkoopkontrakte (voertuie, meubels, ens.) indien enige.	
I.	Vir ouers wat pensionaris/se is, word gesertifiseerde bewyse vereis wat die maandelikse pensioenbedrag staaf en bevestig.	
J.	Dokument van Maatskaplike Welsyn en/of SASSA toelaag.	
K.	U jongste **verbandstaat** indien u 'n verband op u eiendom het of u **huishuurooreenkoms** indien u woonhuis. (slegs bladsy wat adres en huurbedrag aandui)	
L.	Vir wettige voog/de of pleegouer/s word gesertifiseerde afskrif benodig van die hofbevel wat u as wettige voog of pleegouer bevestig.	
M.	Indien weduwee of wewenaar 'n gesertifiseerde doodsertifikaat van die afgestorwe eggenoot.	
	Enige ander bewyse wat u nodig mag ag ter stawing van u verklaring ten opsigte van u inkomstes en/of uitgawes.	

4. Die lede van die Beheerliggaam behou hulle die reg voor om-
   - ondersoek in te stel na die dokumente;
   - aansoeker se huis te besoek; en
   - ekstra dokumente aan te vra.
5. Indien aansoeker vals aansoeke/verklarings ingedien het, kan dit lei tot 'n bedrogklag.
6. Indien u finansiële omstandighede enigsins verander na afhandeling van u aansoek, moet u dadelik vir ons in kennis stel van u nuwe finansiële omstandighede, sodat u aansoek weer geassesseer kan word deur die Beheerliggaam om vas te stel of hulle oorspronklike besluit verander moet word of nie. Indien u versuim om u nuwe finansiële omstandighede deur te gee aan die Beheerliggaam of indien dit onder die aandag van die Beheerliggaam sou kom dat u finansiële omstandighede wel verander het en u nie die Beheerliggaam sodanig in kennis

gestel het nie, sal die Beheerliggaam by magte wees om u korting/vrystellingsaansoek in heroorweging te neem en dit aan te pas of dit selfs op te skort

7. Aansoeke is slegs een jaar geldig, dus moet u elke jaar oor aansoek doen.
8. Die Beheerliggaam behou hom die reg voor om enige aansoek te weier indien dit nie aan bg. terme en voorwaardes voldoen nie.
9. **Daar is nie 'n sluitingsdatum van vrystelling van skoolfonds nie, maar om vir die VOLLE JAAR vrystelling te ontvang moet die kantoor voor/op 31 Januarie 2023 die vorm ontvang.**

MNR. J. BARON

TESOURIER: BEHEERLIGGAAM

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, WET 84 VAN 1996
REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD
AANSOEK OM VRYSTELLING

1. BESONDERHEDE VAN OUER(S)/VOOG(DE)[1]

	VADER/VOOG 1	MOEDER/VOOG 2
VAN		
VOORNAAM		
ADRES		
MERK ASB.:	Getroud binne/buite gem. van goedere Ongetroud Ouers woon saam / nie saam nie Enkelouer Geskei Weduwee Voog	Getroud binne/buite gem. van goedere Ongetroud Ouers woon saam / nie saam nie Enkelouer Geskei Wewenaar Voog
LEERDER WOONAGTIG BY:	Beide ouers / Vader / Moeder / Wettige voog / Ander (spesifiseer)	
SELFOONNOMMER		
E-POS ADRES		
BEROEP:		
WERKSTELEFOONNR.		

INKOMSTE VIR 'N HELE JAAR	VADER/VOOG 1	MOEDER/VOOG 2
Bruto jaarlikse salaris (salaris voor aftrekkings x 12)		
Bruto inkomste verdien uit eie sakeonderneming of handel of praktyk of boerdery, ens.		
Toelaag van Staat (bv. SASSA) x 12 maande vir 'n jaarlikse bedrag.		
Onderhoud ontvang volgens skikkingsakte indien geskei. (maandeliks x 12)		

[1] 'Ouer' beteken (a) 'n natuurlike ouer of voog van 'n leerder, (b) 'n persoon wat volgens wet geregtig is op toesig oor 'n leerder, of (c) 'n persoon wat onderneem om, met betrekking tot 'n leerder se skoolonderrig, die pligte te vervul van 'n persoon waarna paragraaf (a) en (b) verwys.

Enige ander inkomste-bron, bv. Pensioen, rente op belegging, huurinkomste, ens.		
TOTALE JAARLIKSE BRUTO INKOMSTE		

** Indien u besigheid en persoonlike inkomstes en uitgawes in een of meer rekeninge is, heg asseblief uiteensetting aan wat dit volledig verduidelik asook bewyse daarvan.

Let wel: Vrystelling van skoolfonds word bepaal slegs op beide ouers se bruto inkomstes en nie op uitgawes aangegaan nie. Motivering en bewyse kan wel ingedien word vir voorwaardelike vrystelling.

In terme van die Nasionale Krediet Regulasies, <u>geniet skoolgeld hoogste prioriteit</u> en behoort dit dus nie ten koste van ander skuld wat aangegaan is, of luukshede, agterweë gelaat te word nie.

3. LEERDER(S) BESONDERHEDE VIR WIE AANSOEK GEDOEN WORD

Leerder naam en van	ID-nommer	Graad in 2022

4. LEERDER(S) BY 'N ANDER STAATSKOOL WAT NIE AS 'N STAATSGESUBSIDIEERDE SKOOL VERKLAAR IS NIE. (Bv. HOËRSKOOL, ENS)

Leerder Naam en Van:	
ID Nommer (heg ook aan)	
Naam van Skool en Graad:	
Bedrag van skoolgeld vir 2022	

Leerder Naam en Van:	
ID Nommer (heg ook aan)	
Naam van Skool en Graad:	

Bedrag van skoolgeld vir 2022	

5. ADDISIONELE INLIGTING

Enige ander tersaaklike inligting wat die aansoeker kan verstrek om te toon dat hy/sy weens persoonlike omstandighede nie skoolgeld kan betaal nie, wat tot voorwaardelike vrystelling kan aanleiding asook bykomende monetêre bydraes wat 'n ouer met betrekking tot 'n leerder se bywoning van of deelname aan enige program van 'n openbare skool betaal.

6. INDIENING VAN AANSOEKVORM

Die aansoekvorm en gepaardgaande dokumente moet verseël word in 'n koevert wat aan die voorsitter van die beheerliggaam gerig is, en moet met die hand of geregistreerde pos by Laerskool Baillie Park afgelewer word. Maak asseblief seker dat alle inligting volledig en korrek is, anders sal die hele aansoek teruggestuur word.

Is korting/vrystelling die vorige jaar verleen? (Merk toepaslike blok)		Ja	Nee
Indien JA: Bedrag	R		
Indien NEE: Rede			

Motiveer u aansoek om korting/vrystelling van skoolfonds deur enige addisionele inligting te verskaf wat u aansoek ondersteun of die uitsonderlike omstandighede rakende u onvermoê om skoolfonds te betaal, uitlig.

Wat is u bereid om te betaal?

Om oorweging van u aansoek te vergemaklik, het u hieronder die geleentheid om vrywillig die skoolfonds aan te dui wat u kan bekostig en bereid is om te betaal per leerder vir wie u aansoek gedoen het.

AANBOD

Betaal maandeliks per leerder: Bedrag: R _____

Betaalbaar vanaf 1 Februarie tot 1 Desember (11 maande)

OF

Betaal eenmalige jaarliks per leerder: Bedrag: R _____

Bedrag per leerder (dui datum van betaling aan) Datum: _____

Dui hieronder aan of u bereid is om behulpsaam te wees met sportdae, fondsinsamelings of enige dienste kan aanbied aan die skool (bv. loodgieter, elektriese, ens.)

VERKLARING

Ek/Ons, die onderstaande getekende(s) verklaar hiermee -

1. Dat die inligting soos aangedui op die aansoekvorm, korrek en betroubaar is.
2. Geen inkomste is verswyg nie.
3. Indien die aansoeker(s) se finansiële inkomste/posisie verander, hy/sy/hul onverwyld die skoolhoof/finansiële beampte dienooreenkomstig sal inlig. Indien dit onder die Beheerliggaam se aandag kom dat die aansoeker se omstandighede sonder kennisgewing verander het, is dit die Beheerliggaam se prerogatief om besluite te wysig, aldan nie – ongeag hoeveel tyd intussen verloop het.
4. Deur my handtekening verleen ek aan die Tesourier van die Beheerliggaam of die aangewese persoon toestemming om enige gegewens te kontroleer, verifieer en bevestig by enige buro of waar nodig die geval mag wees.
5. Ek begryp dat indien enige vals inligting verstrek is, my aansoek nie oorweeg sal word nie en ook dat die Beheerliggaam 'n klag van bedrog teen die aansoeker(s) aanhangig maak.
6. Die beheerliggaam behou die reg voor om onderhoude te voer met alle persone wat aansoek doen.
7. 'n Liggaam of aangewese persoon sal die voorlegging se inligting vir korrektheid en geloofwaardigheid kontroleer. Alle verklarings moet van bewyslewering vergesel wees. Sou enige inligting bevraagteken word, sal die aansoek ter syde gestel word en sal daar geen onderhandelinge tussen die Beheerliggaam en aansoeker meer gevoer word nie.
8. Ek/ons verklaar hiermee dat ek/ons die terme en voorwaardes gelees het en dat ek/ons dit verstaan.

BEEDIGING: LANDDROS / VREDEREGTER / KOMMISSARIS VAN EDE

Die verklaarder/s erken dat hy/sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring, dit verstaan en dit niks anders as die volle waarheid is nie.

Beedig voor my is _____ op hierdie _____ dag van _____ 20.

_____

Handtekening

AMPTELIKE STEMPEL

AANHANGSEL ??

WERKLOOSHEIDSVERKLARING			
VAN			
VOLLE NAME			
GESLAG		**OUDERDOM**	
SELFOON NR.		**E-POS ADRES**	
MERK MET ✓ INDIEN VAN TOEPASSING			
1. Ek was nooit werksaam nie.		**Rede**	
2. Ek was werksaam by:		**Persoon/Maatskappy**	
	Adres:		
	Vanaf - Tot:		
3. Ek verdien tans geen inkomste nie – bruto salaris of weeklikse lone nie.			
4. Ek besit geen eiendom/beleggings/bankrekeninge nie.			
5. Ek verdien geen inkomste van enige beleggings nie.			
6. Ek ontvang geen wins gemaak van enige besigheid wat bedryf word nie.			
7. Ek besit geen erfporsies / aandele / polisse nie.			
8. Ek ontvang geen privaat pensioen / toelaes nie.			
9. Ek verrig tans los werkies.			

10. Ek ontvang geen gereelde onderhoud van vader/moeder van my kinder/s nie.			
11. ANDER			
Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit. **Ek het nie beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.** **Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.**			
Handtekening:		**Kommissaris van ede:**	

BEËDIGDE VERKLARING VAN ENKELOUER WAT AANSOEK DOEN OM DIE VRYSTELLING VAN SKOOLGELD

(Indien van toepassing)

Ek, die ondergetekende, _____ neem hiermee 'n beëdigde verklaring af en bevestig die volgende:

1. Ek is 'n meerderjarige [vrou/man], met identiteitsnommer, _____, en is tans _____, (beroep/werksaam), en woonagtig te _____.
2. Die feite wat in hierdie beëdigde verklaring saamgevat is, is volgens die beste van my wete waar en juis en val binne my persoonlike kennis, tensy die inhoud tot die teendeel aandui.
3. Ek is die (vader/moeder/voog) van _____ (leerder/leerders se volle naam/name), wat tans in graad/grade _____ by Laerskool Baillie Park is.
4. Ek doen, ingevolge die *Regulasies vir die vrystelling van ouers van die betaling van skoolgeld, 2006,* aansoek om vrystelling van skoolgeld, vir 2022 vir die voorgenoemde leerder/leerders.
5. Ek kon nie die finansiële inligting van die bogenoemde leerder/leerders se ander ouer ("die ouer wat nie aansoek doen nie") verkry nie.
6. Ek het probeer om die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, te verkry deur die volgende te doen:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

7. Ek kon egter nie die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, verkry nie. Die redes is soos volg:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

8. Ek dien dus hierdie beëdigde verklaring in as bewys dat ek alles in my vermoë gedoen het om die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, te verkry.

_____

VERKLAARDER

Ek sertifiseer hiermee dat bogenoemde verklaarder teenoor my erken het dat hy/sy vertroud is met die inhoud van hierdie beëdigde verklaring en dit begryp, en dat dit na die beste van sy/haar wete juis en korrek is, en dat hy/sy geen beswaar het teen die afneem van die voorgeskrewe eed nie en dit as bindend vir sy/haar gewete beskou.

Onderteken en beëdig voor my te _____ op hierdie _____ dag van

_____ 20____.

_____

KOMMISSARIS VAN EDE

KANTOORGEBRUIK ALLEENLIK

Van: _____ Familiekode: _____

Datum van Ontvangs: _____ Nagegaan deur: _____

Opmerkings:

_____

_____

_____

_____

GEE BEWYS AAN APPLIKANT

Hiermee bevestig ek, _____ van Laerskool Baillie Park dat ons u aansoek ontvang het en deurgegaan het en dat die volgende stawende dokumentasie aangeheg is:

	Afskrif van Ouer/Voog1 se identiteitsdokument.
	Afskrif van Ouer/Voog2 se identiteitsdokument.
	Afskrif van huweliksertifikaat/skeibrief/doodsertifikaat.
	Geboortesertifikaat van alle leerders genoem in aansoek.
	Indien die applikant 'n voog/pleegouer is, afskrif van die hofbevel.
	Bankstate/salarisstrokies/finansiële state van beide partye.

Enige kommentaar:

_____

_____

_____

_____ _____ _____

Teken: Baillie Park Teken: Aansoeker Datum: